# DIE ELFDE HORING

Noudat ons gekyk het wie moontlik as die Tien Horings geïdentifiseer kan word, kom die volgende vraag na vore: Wie of wat is die "Elfde Horing"?

Dit laat ons vanselfsprekend aan die Antichris dink, maar dadelik moet ons waarsku dat 'n mens moet oppas om nie wilde voorspellings te maak nie, want in die verlede is die Pous, Napoleon, Hitler, Gorbachev wat 'n merk op sy kop gehad het en nog baie andere al as die antichris aangesien. So is die antichris al oral gesoek in die Westerse lande, sowel as in Rusland en China.

Dan. 7 gee vir ons meer inligting oor die elfde horing wat laaste uitgekom het as die laaste **aardse antichristelike mag** voordat die wederkoms plaasvind en die gelowiges die koninkryk vir alle ewigheid in besit sal neem.

> Dan. 7:20 en oor die tien horings wat op sy kop was, en die **ander een wat opgekom het** en waarvoor **drie geval het**, naamlik **hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het** wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte **groter was as van die ander**.
> Dan. 7:21 Ek het gesien dat hierdie horing **oorlog voer met die afgesonderdes** en **hulle oorwin**,
>
> Dan. 7:24 En die tien horings—uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n **ander een** sal **ná hulle** opstaan, en hy sal **verskillend wees van die voriges** en **drie konings neerwerp**.
> Dan. 7:25 En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die afgesonderdes van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word GEDURENDE 'n **tyd en tye en die helfte van 'n tyd**.
> Dan. 7:26 Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die **heerskappy ontneem** om dit vir goed te verdelg en te **vernietig**.

Daniël se elfde horing sluit aan by Paulus se "Seun van die Verderf".

**SEUN VAN DIE VERDERF**

In min of meer 50/51 n.C. skryf Paulus in 2 Thess. 2 oor afvalligheid en oor die Seun van die Verderf en hy noem hom ook die "Mens van sonde" wat eers moet kom voordat die Wederkoms sal aanbreek. Dit sluit aan by Dan. 7:25 ...

> 2 Thess. 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, WANT EERS MOET DIE AFVAL kom en die **mens van sonde** geopenbaar word, die **seun van die verderf**
> 2 Thess. 2:4 die **teëstander** wat hom verhef bo al wat Elohiem genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van Elohiem as Elohiem sal sit en **voorgee dat hy Elohiem is**.

Die "mens van sonde" word ook vertaal met "die wettelose" in ander vertalings. Om nie JaHUaH se voorskrifte/wette te gehoorsaam nie, is sonde. *(Sien ook: DIE SEUN VAN DIE VERDERF IN ONS GELOOFSLEWE)*

Die elfde horing in Dan. 7 word met menslike eienskappe beskryf, want hy het oë en 'n mond wat praat. Toe Paulus oor die "Seun van die Verderf" geskryf het, het hy en sy gehoor dit waarskynlik profeties vergelyk met die geskiedkundige Antiochus Epiphanes wat nà Daniël se tyd gekom het van wie hulle goeie

kennis gedra het en hy was inderdaad 'n geskiedkundig-profetiese voorbeeld as **tipe van** die Elfde horing *(vir hierdie geskiedenis, sien weer: TYD, TYE EN 'N HALWE TYD)*. Hy het wel destyds die tempel verontreinig, maar Paulus verduidelik dat dieselfde nou in die geestelike tempel van gelowiges gebeur. Die Man van sonde, die Wettelose, wil die sentrale sitplek in die gelowige se hart hê om JaHUsha se Gees daar te neutraliseer. Die ding is dat die Judaïstiese leringe in Paulus se tyd en hulle verloëning van JaHUsha, 'n groot probleem was.

Dit is dan interessant dat JaHUsha vir Judas die "Seun van die Verderf" genoem het (Joh. 17:12). Judas het JaHUsha verraai en verloën.

Die Seun van die Verderf se uitsluitlike rol is dat hy JaHUsha as die Seun en as die Gesalfde van Elohiem **verloën** en **opponeer**. Dit is die Anti-Messias TEENOOR Messias JaHUsha. "Anti" beteken "in die plek van" of "valse, nagemaakte". Johannes het gesê dat daar baie "antichriste" is of dan baie Anti-Messiasse. Volgens die "elfde" horing lyk dit dus of daar 'n uiteindelike Seun van die Verderf moet wees maar wat alreeds van lankal af aan die werk is.

Johannes het vir ons gesê wie die "antichriste" is, nl. diè wat **ontken** dat JaHUsha die Messias is.

> 1 Joh. 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat **die Antichris kom**, bestaan daar ook nou **baie antichriste**, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.
> 1 Joh. 2:19 Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.
> 1 Joh. 2:20 En julle het die salwing van die Afgesonderde en weet alles.
> 1 Joh. 2:21 Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.
> 1 Joh. 2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat JaHUsha die Messias is? Dit is die Antichris wat **die Vader en die Seun loën**.
> 1 Joh. 2:23 Elkeen wat die Seun loën, **het ook nie die Vader nie**.

Judas het gemaak asof hy JaHUsha as Gesalfde erken, maar hy was **vals**. Sy eintlike doel was om Hom te verraai. Van Judas het JaHUsha dan tydens die Verbondsmaaltyd die volgende gesê...

> Joh. 13:18 Ek spreek nie van julle almal nie—Ek weet wie Ek uitverkies het—maar dat die Skrif vervul kan word: **Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig**.

Is dit dan nie presies wat Dawid van **Agitofel** gesê het nie, toe Agitofel wat eens Dawid se raadgewer was na Absolom toe oorgeloop het. Hy het Dawid as gesalfde verraai. In die Psalms het Dawid dan juis dìt geskryf wat JaHUsha aangehaal het in Joh. 13:18.

> Ps. 41:10 Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, **het die hakskeen teen my opgelig.**

Dit was simbolies en profeties van Judas en het JaHUsha toe aangaande Judas ook nog die volgende gesê ...

> Joh. 17:12 ... Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, **behalwe die seun van die verderf**, sodat die Skrif **vervul sou word**.

In Hand. 1 het Petrus ook verduidelik dat dit alles profesie was wat vervul moes word.


Hand. 1:16 Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Afgesonderde Gees voorspel het deur die mond van Dawid **aangaande Judas** wat die leier was van die wat JaHUsha gevange geneem het;

Agitofel beteken "Broer van dwaasheid" en hy was 'n **Verraaier**. Verraad is dwaasheid soos wat Judas dit ook uiteindelik te laat agtergekom het.

Nou wen ons gou vinnig vorentoe ... wie is dan die antichristelike elfde horing in ons tyd? Wie of wat is die dwase verraaier van JaHUsha? Die ander 10 horings is konings (as **heerskappye** of **state**) wat op die grondgebied van die gevalle Romeinse Ryk ontwikkel het en daarna het ons reeds gekyk *(Sien: DIE TIEN HORINGS VAN DIE DIER).* Die vraag is nou ... watter **staat** het dan nà die Tien Horings ook op daardie selfde grondgebied (maar meer in ons tyd) tot stand gekom wat soos 'n Agitofel en 'n Judas opereer as 'n "verraaier" van JaHUaH se Gesalfde, naamlik JaHUsha?

Die Staat van Israel het m.b.v. twee Wêreldoorloë in 1948 tot stand gekom. Kan dit met die elfde horing ooreenkom? Die ding is, in die Staat van Israel is daar nie juis plek vir JaHUsha nie, inteendeel is dit nogal gewaagd om iemand daar te evangeliseer. Israel is 'n staat met 'n geloof wat anti-JaHUsha as Messaias is. Judaïsme wag nog vir hulle messias, 'n **Valse een**.

Wat die elfde horing betref sê Dan. 7:25 verder dat dit die afgesonderdes van JaHUaH mishandel gedurende tyd, tye en 'n halwe tyd, soos wat Antiochus Epiphanes ook gedoen het vir drie en 'n halwe jaar (wat tyd, tye en 'n halwe tyd is). Sedert JaHUsha se dood in die "middel van die week" *(die week het begin toe Hy gedoop/gesalf is met die Afgesonderde Gees)* was Sy volgelinge vervolg. Stefanus was egter die eerste martelaar wat drie en 'n halwe jaar nà JaHUsha se dood deur die Jode gestenig is. Dit het daardie spesifieke 70e week vervul. Daarna het die Tye van die nasies aangebreek, die Jode as oorblyfsel van fisiese Israel het toe alreeds hulle kans gehad om JaHUsha as Gesalfde te aanvaar (Hand. 13:45 – 52).



Tyd, tye en 'n halwe tyd is dus die 42 maande (of drie en 'n half jaar of 1 260 dae) van die ander "helfte" van die 70e week van Dan. 9:27 wat deur Stefanus se steniging letterlik vervul is, maar let daarop dat dit nie bloot net "vir" die 42 maande is nie, maar ook "**gedurende**", want al elf die horings tree tesame op gedurende die **profetiese** 42 maande. Vir ons tyd dien dit dus as 'n profetiese tydperk wat die hele tydperk sedert JaHUsha se dood tot en met Sy wederkoms behels waartydens "antichristelike" vervolging van gelowiges plaasvind. *(Vir meer insig hieroor, sien: TYD, TYE EN 'N HALWE TYD.)*

Wat die boek van Openbaring betref word die laaste antichristelike magte met Babel en Rome vergelyk. Rome, wat daardie tyd in bewind was, het die bynaam van "Babilon" by die Christene gekry (1 Pet. 5:13). Die elfde horing van die Babiloniese dier sal dan ook 'n tipe van "Babilon" wees. Dit is dan interessant dat Judaïsme se geloof rondom die Babiloniese Talmud wentel.

**TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT VAN ISRAEL**

Byna alle valse gelowe het hulle wortels in Kabbalisme wat uit **Babel/Babilon** kom ... daar waar Judaïsme ook baie gekontamineerd geraak het tydens Juda se ballingskap na Babilon en hulle het dit alles toe saam teruggebring na Israel as die Babiloniese Talmud, die Mishna en die Kabbala. Dit was alles nog so beoefen toe JaHUsha as Immanuel (Elohiem met ons) gekom het om Sy eie mense te kom red, maar hulle het "antichristelik" opgetree en **Hom nie aanvaar nie** (Joh. 1:11) en daarom is hulle "huis" of hulle koninkryk vir hulle verwoes agtergelaat *(Sien ook: TWO KINGDOMS, veral p. 3 – 7, THE DESTRUCTION OF JERUSALEM en THE SEIGE OF JERUSALEM 70 AD).*

> Matt. 23:37 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!
> Matt. 23:38 Kyk, **julle huis word vir julle woes gelaat**!
>
> Matt. 21:43 Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van Elohiem sal van julle **weggeneem** en aan 'n **volk gegee word** wat die **vrugte daarvan sal dra.**

Die koninkryk is toe finaal van hulle weggeneem in 70 n.C. wat die Jode se Oordeelsdag was *(onthou hoedat hulle gesê het oor JaHUsha: "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom")* en ook dan die einde van die era van 'n fisiese Israel, maar vandag is hierdie selfde Babiloniese Judaïsme weer in praktyk in die moderne Staat van Israel. Die totstandkoming van die Staat van Israel en die NWO se "Babiloniese" planne is ineen geweef *(Sien: TALMUDIC PLAN en JUDAISM OR PHARISAISM)*.

Hoe die Staat van Israel tot stand gekom het is dus interessant. Oorhoofs was **Brittanje** en **Frankyk** betrokke daarby gedurende en nà die Eerste Wêreldoorlog nadat die Ottomaanse Turke oorwin was en hierdie midde-oosterse Turkse provinsies toe tussen die twee lande verdeel is, wat Palestina ingesluit het. Hulle sluit toe die Sykes-Picot ooreenkoms wat 'n voorloper was van die Balfour Deklarasie. Later was **Duitsland** ook in die prentjie a.g.v. die Nazi's se vervolging van die "Jode" gedurende die Tweede Wêreldoorlog, waarna die Staat van Israel gevolglik tot stand gekom het in 1948 weens die toestroming van "Jode" na Palestina. Chaim Weizmann was in daardie tyd die Sionistiese beweging se president en hy het alles so bestuur dat dit kon gebeur, waarop hy toe ook die eerste president van Israel geword het *(vir die Sionistiese plan, sien asb.: DIE MISTIESE STER VAN JUDAISME EN ISRAEL AS AARDSE KONINKYK **p. 11 – 14:** "Protokolle van Sion", asook: THE BALFOUR DECLARATION)*.

Die Skrif sê dat drie horings moes plek maak vir die elfde horing. Kan dit hierdie bogenoemde drie lande wees wat 'n rol gespeel het in die totstandkoming van hedendaagse Israel? Mens wonder daaroor want diè lande is nou glad **nie meer** "as horings" betrokke by hedendaagse Israel nie omdat die Verenigde Nasies oorgeneem het toe die patat vir Brittanje te warm geword het, maar hulle het so te sê "plek gemaak" ... d.w.s. hulle was instrumente in die hele proses. Daar mag ander menings ook wees, maar die feit bly staan dat die hedendaagse Staat van Israel nie Bybels regverdigbaar is nie, omdat ... die fisiese koninkryk van Israel met die aankoms van JaHUsha op die toneel tot 'n einde gekom het en vervang is met die Hemelse koninkryk. Dit was JaHUsha se hele boodskap wat Hy verkondig het. Hy het baie gelykenisse vertel om dit te verduidelik ... ("Die koninkryk van die Hemel is soos ...")

Om Eseg. 40 – 48 as regverdiging vir 'n fisiese Israel te gebruik is ook nie Skriftuurlik nie, behalwe as mens die Nuwe Testament in die asblik wil gooi!! Esegiël se laaste hoofstukke word gebruik vir **Judaïsme se eskatalogie** en hulle het NIE die Nuwe Testament nie, inteendeel ... hulle verwerp dit en verloën nog steeds vir JaHUsha, *(sien: THE EARTHLY ESCHATOLOGICAL VIEW VERSUS THE HEAVENLY).* Ons hèt die Nuwe Testament ek kan NIE net bloot volgelinge van Judaïsme wees nie. Omdat JaHUsha nie deur Sy eie mense aangeneem is nie (Joh. 1:11), lees ons Esegiël se tempelprofesie in ons tyd as profesie vir die geestelike tempel van die Nuwe Jerusalem omdat die profesie dubbeld gelaag is in JaHUaH se alwysheid en alwetendheid. In die eerste laag sou dit fisies kon gewees het as sy eie mense Hom wel aangeneem het, maar hulle het nie, waarna dit die geestelike tempel tot gevolg gehad het. *(Sien: THE EZEKIEL TEMPLE)*

Hedendaags het die VSA 'n baie spesiale band **met Israel**. Daar is so baie Jode in New York dat daar tong in die kies van "Jew" York gepraat word. Jode is agter die skerms baie betrokke by die regering van die VSA, hoewel dit dalk nie altyd so openlik na vore kom nie, maar mens kan sê dat die VSA (met die Jode daarin as betrokkenes) tans die Weste se "regering" is of daarna streef om dit te wees as deel van die Sionistiese strategie.

As die tien horings dan na **staatsmagte** of moondhede verwys wat nà die Romeinse Ryk op daardie selfde grondgebied te voorskyn gekom het, moet die elfde horing dan ook te doene hê met 'n **Staat** (en/of **geloof**) wat op dieselfde grondgebied tot stand gekom het, een wat nie JaHUsha as Messias erken nie, m.a.w. een wat "antichristelik" is. Ons weet nou dat dit met Judaïsme die geval is, en dat daar deur die Judaïstiese **Sionistiese beweging** gesorg is dat hulle 'n Staat gekry het sedert 1948, nl. die Staat van Israel.

Sionisme het niks met die skriftuurlike Sion te doen nie. Vandag se Sionisme as 'n beweging is onskriftuurlik en het in 1896 as 'n organisasie ontstaan deur Theodor Herzl. In sy pamflet "Der Judenstaat" het hy sy planne gevisualiseer om 'n onafhanklike staat vir Jode te stig in die 20e eeu, sien: https://en.wikipedia.org/wiki/Zionism.

Lank voor Theodor Herzl was daar Mayer Amschel **Rothschild** (1744–1812) wat 'n Askenasi Jood was en 'n rabbie wou word, wat soortgelyke planne vanuit die Talmud beraam het. Dit alles het gelei na die samestelling van die "Protokolle van Sion".

Nou kom die vraag weer: Kan die staat van Israel dan moontlik die elfde horing en die "**SEUN**" van die verderf wees? Maar hoe kan 'n Staat dan 'n "seun" wees?

Die Staat van Israel is miskien nie 'n letterlike mens nie, MAAR Jakob was wel 'n **man** en Jakob se naam is toe **verander na "Israel"** (Gen. 32:38). Interessant dat die merk van die Dier ook die getal van 'n **"mens/man**" is. *(Sien: DIE MERK VAN DIE DIER p. 10 – 14 en DIE MISTIESE STER VAN JUDAISME)*

Vanuit Jakob die Man, het daar toe mos sy 12 seuns voortgekom en so het die fisiese volk van Israel ontstaan. Israel was JaHUaH se **eersgebore Seun** (Ex. 4:22, Hos. 11:1). Hierdie "Seun" het JaHUsha egter nie aangeneem toe Hy as Messias gekom het nie, Joh. 1:11. Toe was daar sedert Handelinge 2 'n geestelike Israel vanuit JaHUsha as **Seun** en **Saad** ... nl. die "een nuwe mens" met JaHUsha as die hoof of kop en die gemeente as Sy liggaam (Ef. 2:14 – 16, Kol. 1:18, vergelyk ook: *UIT EGIPTE HET EK MY SEUN GEROEP*). Maar die Seun van die Verderf het "die duiwel as vader" soos wat JaHUsha vir die Jode van destyds gesê het in Joh. 8. Hy doen hom voor asof hy "seun" is, maar hy is eintlik verderf en hy verraai JaHUsha.

Bepeins hierdie 'n bietjie: Is **Judas** 'n profetiese sinspeling op **Juda**ïsme as 'n godsdiens? Sy naam in Grieks is "Juda**s**", maar in Hebreeus sou dit net "Juda" gewees het. Hy was Judas Iskariot, of liewer Juda, die man *("ish" in Hebreeus)* van Kerioth, wat 'n plek was in die suide van Judea.

Hoewel daar individuele Jode is wat wonderbaarlik wel al vir JaHUsha as Messias aanvaar het, verloën Judaïsme as geloof nog steeds vir JaHUsha soos dit was in JaHUsha se tyd en in hulle Babiloniese Talmud doen hulle dit openlik en met beledigende en uiters lasterlike passie. Hulle stuur ook in hulle rol as hedendaagse "Fariseërs" hulle subtiele misleiding oor JaHUsha en die Nuwe Testament uit na die Volgelinge van JaHUsha d.m.v. die Sionistiese beweging se leringe bv. diè van die Hebreeuse Wortels. Daar is wel sekere waarhede daar, soos bv. aangaande Kersfees, Paasfees, die Sabbat en die Naam, maar dis ongelukkig nie al wat daar is nie. Dit word gebruik soos aas aan 'n hoek wat funksioneer en opereer **soos 'n Judas** om JaHUsha te verraai. Dit is dus eintlik "**antichristelik**", want JaHUsha word subtiel verraai en verloën deur die Torah van Moses te proklameer ten koste van die Torah van JaHUsha Messias. Dit lyk aanvanklik vir goedgelowige christene asof dit "christelik" is en mens nou lekker hier "dieper kan groei", maar dit **verraai** eintlik JaHUsha en Sy Nuwe Testamentiese Torah, eers subtiel en dan meer en meer openlik. Hierdie aas van die Hebreeuse Wortels **maak die deur eintlik wawyd oop** vir die **Seun van die Verderf** met die doel om **ons geloof te Verderf** (want hy sit waarlik in die tempel van Elohiem en maak asof hy Elohiem is) en daar is reeds talle mense in daardie beweging wat nie meer in JaHUsha glo nie en hulle Nuwe Testament " opgeskeur" het. *(Sien ook: THE MELEKTZADEK ORDER)*

Dit maak in ons era 'n groot deel uit van die AFVAL wat eers moet kom volgens Paulus se 2 Thess. 2:2 – 3 *(Sien asseblief: THE GREAT DECEPTION OF 2 THESS. 2 en YHWH'S COVENANT VERSUS THE DECEPTION OF 2 THESS. 2).*

Daar is egter ander meewerkende aspekte wat die Elfde horing betref ook.

**ALGEMENE OORSIG OOR DIE ELFDE HORING**

Daar heers eintlik baie verwarring oor die antichris, deels omdat die **voorlopers** van die elfde horing altyd **staatsmagte** of wrede **staatshoofde** was. Almal stem saam dat die magte wat JaHUaH se vyande was, of dan die **anti-Goddelike** magte, deur die verskillende diere in Daniël ook deur die horings voorgestel word. 'n Mens kan dit ook die **anti-Christelike** magte van die **profetiese** 42 maande noem. Daarom dat die Bybel soms die antichris dan ook as 'n **staatsmag** voorstel.

Daar is in ons tyd alreeds vir baie jare lank die "omgekeerde" Scofield-verklaring van Dan. 9:27 se laaste profetiese week, en dit het die verwagting oor wie en wat die Antichris is vir ons op 'n verkeerde manier ingekleur. Daarvolgens word die 70e week se vervulling na 'n toekomstige tyd verplaas, maar mens kan mos nie die laaste week afsny van die 69 wat reeds vervul is (sien skets op p. 3) en dit nou iewers in die toekoms in plaas vir vervulling nie, en om dit te regverdig word dit wat op JaHUsha betrekking het in daardie vers en Hy reeds vervul het, dan **omgekeerd** toegepas op 'n antichris wat **nog moet kom** ...

Genugtig! .... Maar dit is wat gebeur. Daarom wag mense nog vir ‘n laaste 7 jaar, en in die middel daarvan moet die antichris dan nou in Judaïsme se “herboude tempel” verskyn wat dan gepaard moet gaan met verdrukking van spesifiek net drie en halfjaar. Maar ... verdrukking was, en is, en sal nog wees tot en met die Wederkoms. Dit kom ooreen met die woestyntydperk van eertydse Israel. *(Sien: KONFLIK VAN DIE EEUE)*

Scofield (1843 – 1921) was ‘n Amerikaanse teoloog wie se eskatalogiese uitleg van die profesieë baie mooi ingepas het by die plan van Sionisme (The Scofield Reference Bible). Vòòr daardie tyd was die profetiese laaste week nooit afgesny van die 69 weke nie, maar omdat dit toe sedert Scofield en andere soos hy so verklaar word, was Israel as ‘n Staat aanvaarbaar vir die christelike wêreld. As gevolg van die invloed van hierdie misleidende “Sionistiese” verklaring van profesie wat so algemeen bekend geraak het, moet ons nou weer van voor af vanuit die Woord leer oor die Antichris.

In verskeie briewe van die apostels word daar van die antichris as ’n persoon gepraat en Johannes het mos gesê: Diegene wat sê dat JaHUsha Messias nie die Seun van Elohiem is nie, **is die Antichris**. Dit is opvallend dat die heidendom feitlik oral in die wêreld die evangelie met blydskap ontvang het waarskynlik weens hulle “veelgode” godsdiens. Die uitsondering was egter die Jode uit wie se geledere o.a. beweer word dat Maria ’n straatvrou was, en dat JaHUsha ’n buite-egtelike kind van ’n Romeinse soldaat was; dat **Hy geen Messias was nie**!

Oral waar die evangelie verkondig is, het die Jode die apostels vervolg of gesorg dat hulle deur die owerheid vervolg word. Hulle het Paulus meer as al die ander gehaat en beweer dat hy die stigter is van die Christendom. Lees in 2 Korintiërs 11 hoeveel Paulus deur die toedoen van die Jode gely het. *(Sien ook: PAUL AND THE GALATION TEXT IN QUESTION)*

Johannes word die apostel van die liefde genoem omdat daar soveel oor naasteliefde en oor Elohiem se liefde in sy evangelie en briewe geskryf staan, maar juis sy evangelie maak die meeste melding van JaHUsha se twisgesprekke met die Jode. Die bekendste is dalk Johannes 8:44 ...

> “Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen” ...

Ook Matteus 23 is in hierdie trant as JaHUsha net vòòr sy dood die laaste keer met die skrifgeleerdes ‘n woordestryd voer. Die “Jode” (en hulle staat) is dus konnekteerbaar met die titel van “antichris” en volgens Judaïsme se wette mag hulle “messias” net ‘n Jood wees (Joh 5:43). Waarheen draai die oë dan vir die identifisering van die Antichris, of dan vir die Anti-messias as elfde horing?

Verder word daar na die groot verdrukking verwys as “Jakob se benoudheid” (Jacob’s Trouble). As die Skrif in hierdie sin na “Jakob” verwys, was dit ‘n heenwysing na die **fisiese volk** van Israel. “Jakob se benoudheid” het letterlik in vervulling gegaan vir die Jode as **oorblyfsel van fisiese Israel** in 70 n.C. Matt. 24:8 noem dit “die begin van die smarte”. Vers 9 sê dis “verdrukking”. JaHUsha het gesê daar sal nooit weer so ‘n groot verdrukking wees nie (Matt. 24:21) en om dit te besef hoef mens maar net te lees wat Josefus daaroor opgeskryf het, tog slaan mense graag hierdie belangrike geskiedenis oor as hulle probeer om profesie te verstaan. Dit was egter die **finale einde van ‘n era**, nl. die Levitiese sisteem en Israel as ‘n **fisiese** volk en koninkryk. JaHUsha se dood was die streep wat daarvoor getrek was “in die middel van die week” en toe was daar nog ‘n “oorgangstyd” tot en met 70 n.C. toe die Tempel en Jerusalem verwoes is. Dit was ‘n finaliteit en die katastrofiese “einde” waarna Matt. 24:14 eerstens verwys. *(Sien ook: DIE VERSKILLENDE ERAS)*

Stefanus as eerste martelaar het dit ook onder die leiding van die Gees bevestig.

> Hand. 6:14 Want ons het hom hoor sê: Hierdie JaHUsha, die Nasaréner, sal hierdie **plek afbreek** en die **sedes wat Moses aan ons oorgelewer het**, <u>verander</u>. *(Vergelyk Heb. 7:12)*

Nà sy dood het die Tye van die nasies aangebreek ('n **geestelike Israel** vanuit die nasies).

**VERDRUKKING OF VERVOLGING SEDERT DIE NUWE TESAMENT**

Omdat die geskiedenis van 70 n.C. geïgnoreer word, verwag baie Christene dan 'n baie groot vervolging van die gelowiges net voor die wederkoms van JaHUsha wat vir **spesifiek** <u>net</u> 42 maande lank sal duur. Maar JaHUsha het van die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 gepraat as hy van die **ergste vervolging** van alle tye gepraat het in Matt. 24 *(sien weer: <u>TYD, TYE EN 'N HALWE TYD</u>)*, want Hy het gesê: "hierdie geslag" *(Matt. 24:34).*

In Open. 7 kom die onderwerp van verdrukking egter weer na vore. Dit behels die era nà diè van Judaïsme en Israel as fisiese koninkryk.

> Open. 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is **hulle wat uit die groot verdrukking kom**, en hulle het hulle klere gewas en hul klere wit gemaak <u>in die bloed van die Lam</u>.

Wat die Christendom betref is vervolging na regte al sedert die dissipels se tyd aan die gang sedert JaHUsha se dood. Vervolging van Christene het inderdaad periodiek in Rome en elders plaasgevind, maar in die meeste gevalle **het Jode daaragter gesit.** Mens kan maar net in Handelinge bietjie daaroor oplees. Hulle is in die Jode se sinagoges vervolg en wat die Romeinse keisers betref was Nero se vervolging seker die wreedaardigste. Soms het die Romeine Christene en Jode saam vervolg (bv. Claudius in 49) omdat dit hulle nie veel geskeel het wat die verskille tussen die twee groepe was nie. Die Romeine het JaHUsha wel gekruisig, maar ook hier het die Jode daaragter gesit. Die verdoemendste getuienis hieroor verskyn juis in die (Joodse) Encyclopaedia Judaica: *"Additional research is still required to determine the degree of validity to allegations, made by ancient Christian writers, as well as some modern historians, that Jews instigated the anti-Christian persecutions by Roman emperors, such as Nero" (p. 512).*

Cary en Haarhoff bevestig dat die Jode met die Romeinse owerheid vrystelling van keiseraanbidding beding het, maar dit het nie vir die Christene gegeld nie. Die gevolg was dat hulle gereeld met hulle vingers na die Christene gewys het om self vervolging te ontsnap. Party Christene het hulle soos Jode laat besny om vervolging te voorkom (Gal. 6:12).

Later was dit weer die Roomse kerk wat van die wreedste metodes gebruik het om protestante te vervolg. Brandstapels, radbraking en onthoofding is onder meer gebruik, en soms is gelowiges lewendig begrawe. Die Roomse kerk het haar hande "skoon" gehou deur net die gelowiges as "ketters" te verklaar en hulle dan aan die land se regering oorgegee om doodgemaak te word.

Nadat die hoofsetel van die kerk geleidelik na Konstantinopel verskuif het, het die Pous eintlik ook die politieke hoof van Wes-Europa geword. Die kerstening van die "barbare" het soms met geweld gepaard gegaan omdat baie nie dadelik van al hulle ou heidense gebruike wou afstand doen nie. Wie nie wou luister nie, is dikwels doodgemaak. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat die Pous die Romaanse outokratiese regeringstelsel op die meer gedesentraliseerde stelsel van die Germane afgedwing het wat tot verdere botsings gelei het, gevolglik moet baie oorloë van die vroeë eeue ook op die rekening van die

Pous geplaas word. Die Vandale en Oosgote is ondergeploeg en in die dertiende eeu is die Waldense in Frankryk uitgewis. Graaf Alva van Spanje het daarop aanspraak gemaak dat hy 36 000 Nederlanders deur laksmanne laat doodmaak het. Die Inkwisisie het daarop geroem dat hulle in dertig jaar 150 O00 "ketters" met hulle lewens laat boet het.

Ou bronne gee ongelooflike groot getalle martelare, selfs soveel as 50 miljoen, wat vanaf 508 tot 1798 in dertien eeue direk of indirek deur die Pous as hoof van die Roomse Kerk gedood is. Die Pous se politieke invloed is in 1798 beëindig nadat Napoleon Rome ingeneem het.

Geen wonder dus dat die Pous deur vroeë skrywers, o.a. Calvyn, as antichris aangesien is nie. Regverdigheidshalwe moet ook vermeld word dat die protestante van die Raad van Genéve teen 1546 (tydens Calvyn se verblyf) 58 mense tot die dood veroordeel het. Baie godsdiensoorloë is in Europa geveg.

Godsdiensvervolging deur die eeue is dus altyd gepleeg deur sogenaamde "gelowiges" met skyngelowige motiewe, en nie altyd deur rou heidene nie. Skyngelowiges skep martelare. Kain slaan Abel by sy altaar dood en die Jode vermoor Sagaria as laaste martelaar van die Ou Testament ook by die altaar. Die Jode laat JaHUsha doodmaak en hulle vervolg die apostels van die een plek na die volgende. Paulus skryf dat Jode hom vyf keer (195 houe altesaam) met die kats geslaan het. JaHUsha het gesê dat Sy volgelinge in die sinagoges gegésel sal word. Die Roomse kerk vermoor dan duisende mense, en die Europese protestante vermoor relatief min Rooms-Katolieke, maar is ook nie heeltemal onskuldig nie. Die uitsondering is egter die protestante van Engeland wat 'n verskriklike bloedspoor in Ierland nalaat, en dit was ook hoofsaaklik hulle nageslagte wat die Indiane van die latere VSA uitgeroei het. Die "protestantse" Engeland het miljoene moorde op haar gewete.

Die martelare van alle eeue word dus meer deur die **skyngelowiges** van Babiloniese Judaïsme en die Babiloniese Roomskatolieke kerk vermoor en albei entiteite is nog in ons midde vandag. *(Vergelyk Matt. 23:29 - 36, Luk. 13:31 - 34, Open. 6:9 - 11, 17:6, 18:24, 19:2, 20:4)*

In ons tyd is die werkwyse van Satan ook ietwat meer aangepas ... as Seun van die Verderf gebruik die duiwel graag ook die "lekker manier" van verleiding. Met die breë pad van drank, dwelms, losbandigheid, moord en oorlog na oorlog het hy in ons twintigste eeu reeds meer as 100 miljoen mense gedood. So het hierdie eeu eintlik min Christen-martelare opgelewer in vergelyking met die geskiedenis. Ons dink wel aan wat veral in Sirië redelik onlangs gebeur het met die "Arabiese lente".

Soos die elfde horing dan al hoe meer op die voorgrond tree sal ware Bybelse norme en 'n suiwer evangelie al hoe meer vervaag. Daar sal ook baie misleiding wees. JaHUsha self stel die vraag of die Seun van die Mens **nog geloof op die aarde sal vind** by Sy wederkoms.

JaHUsha het ook self gesê dat dit dae sal wees soos in die tyd van Noag: Hulle sal geen ag slaan op die tekens van die tye nie, net soos daar gespot is met Noag wat 'n ark op die droë grond gebou het. JaHUsha sê by herhaling dat Hy onverwags gaan kom.

Dis dan ook waar die "antichristelike" Staat van Israel wat reeds sedert 1948 'n werklikheid is, inpas. Die bose plan is om die wêreld daar vanuit Jerusalem met 'n ysterhand te regeer d.m.v. Noagitiese wette (wat glad en geheel nie ruimte sal hê vir JaHUsha as Messias nie). Europa en die wêreld moet een groot nuwe Babel word soos daardie een aan die begin van die geskiedenis. Ons moet nie hierdie duidelike tekens van die eindtyd misken nie, net soos Israel van ouds ook nie JaHUsha met Sy eerste koms herken het nie. Laat

ons na bo kyk en ons Verlosser verwag, Hy wat gesê het dat baie Hom nie teen daardie tyd sal verwag nie. Onthou, hy het hierdie woorde nie aan heidene gesê nie, maar aan sy volgelinge.

**DANIËL, DIE ELFDE HORING EN DIE WEDERKOMS**

Die profeet sien dat die elfde horing die afgesonderdes oorweldig, oorwin, uitput en mishandel (Engelse vertalings sê "wear out" of "wear down"). Die elfde horing is verwaand en hy **belaster** JaHUaH/JaHUsha as Elohiem. As JaHUsha belaster word, word JaHUaH ook belaster, soos wat Judaïsme dit daadwerklik doen want sonder die Seun het hulle ook nie die Vader nie, al reken hulle so (1 Joh. 2:23).

Die vierde dier, tesame met sy tien horings en die laaste elfde groot horing, word dan doodgemaak en aan verbranding oorgegee (Dan 7:11 - 14). Wat hier in Daniël baie kortliks vermeld word, word in Openbaring 17 en 18 in baie meer besonderhede voorspel as die "**Val van Babilon**". Openbaring beskryf die val van Babilon met 'n laaste lang gedig of Treurlied wat op aarde voorgedra sal word met die aanvang van die oordeel.

Trone word reggesit en Elohiem gaan sit op sy troon, 'n troon soos ook in Esegiël 1 beskryf word. Die Seun van die Mens word voor Elohiem gebring en Hy ontvang 'n koninkryk wat vir ewig sal wees, waaraan daar geen einde sal wees nie. Let veral daarop dat JaHUsha as Messias nie die Koninkryk ontvang as Hy opstaan uit die dood of tydens Sy hemelvaart nie. In Daniel 9:26 word vermeld dat die Gesalfde (JaHUsha) "uitgeroei" *("cut off," vergelyk Jes. 53:8)* sal word in die **middel** van die 70e week nadat die 69 jaarweke verloop het (± 31 n.C.), "maar **sonder iets vir hom**", of volgens The Living Bible ... "an Anointed One will be killed, **His kingdom still unrealized**". Dan volg dit dat die vors van 'n toekomstige volk Jerusalem en die Heiligdom sal verwoes (soos wat gebeur het in 70 n.C.). Let veral ook daarop dat 'n geslag 40 jaar was en vergelyk dan Matt. 24:34 (± 30/31 – 70 n.C.). Vir meer breedvoerigheid oor hierdie gedeelte van Daniël, sien: *TYD, TYE EN 'N HALWE TYD* , *DANIEL 9:25 - PROPHECY* en THE DESTRUCTION OF JERUSALEM.

Wanneer Daniël meld dat trone reggesit word, ontstaan die vraag wie op die trone sal sit. JaHUsha sê aan Sy apostels dat hulle nie onder mekaar moet stry wie die grootste sal wees nie, want hulle moet onthou dat hulle eendag op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. Hy het ook gesê dat die Gelowiges die wêreld sal oordeel (Dan. 7:22; Luk. 22:30; 1 Kor. 6:2; Open. 3:21; 20:4).

Ons weet dat die uitverkore "kerk" (die gemeente van Eersgeborenes as alle wedergeborenes) eers gedurende die profetiese 42 maande "in die woestyn" deur Elohiem onderhou sal word totdat die wederkoms plaasvind en die dier verbrand word. Dan word trone reggesit soos in Openbaring 20 beskrywe word, soos 'n "hofsitting". Dit staan duidelik in Daniel 7:27 dat die koningskap, heerskappy en grootheid van alle koninkryke dan aan die volk van die afgesonderdes van die Allerhoogste gegee word, 'n ewige koninkryk wat geen einde sal hê nie.

'n Mens kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat daar dan wel 'n eerste opstanding van gelowiges sal wees soos dit in Openbaring 20 beskrywe word. Hulle ontvang hulle opstandingsliggame en krone wat op koninklike regspraak dui en hulle moet die wêreld oordeel. Alle ongelowiges is dan waarskynlik reeds verdelg met die verskyning van die Seun van die Mens. Hulle herleef eers een duisend jaar later met die tweede opstanding as die oordeel uitgespreek word. Mens kan dit byna met 'n jurie in hofprosedures vergelyk. Dan word die Satan intussen vir 'n kort tydjie weer losgelaat en hy lei hulle in 'n laaste opstand teen Elohiem. Dit is die opgestane boosdoeners van alle eeue. Die ryk van die dier en vals profeet bestaan dan lankal nie meer nie, want JaHUsha het met Sy wederkoms hulle "met die asem van sy mond" verdelg en albei in die poel van vuur gegooi (Open. 19:20). Nou is nog net die Satan oor wat die ganse aarde en

alle eeue se opgestane ongelowiges in 'n laaste opstand lei teen JaHUaH. Daarom is die dier hier ook tegelyk die agtste kop (Open. 17:11). Dit word deur Esegiël as "Gog se aanslag" teen die **verheerlikte** Geestelike Israel voorgestel in hoofstukke 38 en 39. *(Sien ook: THE EZEKIEL TEMPLE)*

Weer word dit **simbolies** beskrywe in die lig van die reeds bekende verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. Die antichristelike wêreldmagte en die Valse Profeet is reeds in die Poel van vuur gegooi, die oorlogsmasjien van Satan is vernietig. Satan lei nou 'n aanslag in die **geestelike wêreld** teen JaHUaH. Die wat met die **tweede opstanding** opgestaan het, verskyn voor die Groot Wit Troon van Elohiem en word dan verdoem (Open. 20:11). *(Sien: BOOM VAN DIE LEWE EN DIE AMANDELTAK, p. 1 – 2)*

Daar is skrifverklarings wat sê dat ons nou reeds in die tydperk van die simboliese duisend jaar (van vrede) leef. Dit is egter glad nie moontlik nie. Die Kerk is nou vir die simboliese 42 maande in die "woestyn". Die duisend jaar realiseer eers met **die eerste opstanding van gelowiges** tydens die wederkoms van JaHUsha. Daar is ook geen sprake dat daar met die wederkoms 'n tydperk van duisend jaar "van vrede" op die **vervloekte aarde** sal aanbreek nie, hoewel daar **allegories** op baie plekke deur die profete sulke voorstellings is, is dit **nie** aangedui asof dit vir 'n duisend jaar is nie. Die duisend jaar is in werklikheid die tyd van die oordeel en die feesmaal van die Lam. Geen tydperk van 'n fisiese Israel met Dawid op die troon nie. Dis Judaïsme se eskatalogie omdat hulle nog nie vir JaHUsha as die Spruit van Dawid aanvaar het as hulle Messias en Gesalfde nie. Hoe kan daar nou vanaf die **Geestelike** Hemelse koninkryk wat JaHUsha aanhoudend verkondig het, **geretireer word** terug na 'n **Fisiese** koninkryk toe?! Die Koninkryk is in elk geval van Israel af weggeneem, so het JaHUsha gesê, Matt. 21:42 – 46. *(Sien: GOOD NEWS OF THE KINGDOM OF HEAVEN)*

Dié verkeerde opvatting van die "duisend jaar op aarde" spruit daaruit dat baie profete 'n tyd beskrywe het van vrede, soos dat die lam en leeu by mekaar sal lê, dat die leeu sal strooi vreet soos 'n os, ens. (Jesaja 11). Dis 'n **paradystoestand** wat voor die gees geroep word, maar dit is tog duidelik dat dit in die ewigheid gaan plaasvind, want by herhaling word gesê dat dit 'n ewige koninkryk sal wees, een wat nooit weer verwoes kan word nie.

Die Nuwe hemel en Nuwe aarde is dan die Herstelde Eden. *(Sien: DIE ROETE TERUG NA EDEN).* Dit is nie 'n koninkryk vir net 'n duisend jaar nie. As dit op die vervloekte aarde moes plaasvind, rym dit ook glad nie dat die duiwel weereens aan die einde fisiese Jerusalem met gelowiges daarin moet bedreig nie, want dis nie meer 'n heilige stad nie (Gal. 4:25 – 26, Open. 11:8). Die einde van die duisend jaar stel net die einde van die "hofsitting" voor wat gepaardgaan met die opstandingstyd van die ongelowiges, nl. die tweede opstanding. Maar ... die ryk van JaHUsha as die Gesalfde is vir ewig, Open. 21 en 22.

Die millennium of duisend jaar kom net op een plek in die Skrif voor en dis in Open. 20. Daar is 1 000 jaar tussen die eerste en die tweede opstanding. Net 'n gedagte ... kan die duisend jaar dalk soos die "sabbats-millennium" wees van die "week" van millenniums sedert die skepping waartydens die aarde dan "rus"? Dis net 'n gedagte. Die waarheid is dat die Woord nie meer sê as wat ons in Open. 20 lees nie.

**SLOT**

Die dood van JaHUsha en daarna Sy hemelvaart, lei dan dus die **profetiese** 42 maande van verdrukking in wat sal duur tot die Wederkoms (nadat die fisiese jaarweek eerstens deur Stefanus se steniging voltooi is).

Geskiedkundig het die Jode reeds oor hulleself die vonnis uitgespreek toe hulle gesê het dat JaHUsha se bloed oor hulle en hulle kinders moet kom (Matt. 27:25), wat toe ongeveer 40 jaar later vervul is in die jaar

70 wat hulle **Oordeelsdag** in die fisiese was en die einde van daardie era beteken het. Wat hulle en enige een betref wat JaHUsha steeds nie aanvaar as die Seun en Gesalfde van JaHUaH nie maar die Seun van die Verderf kies (soos met destyds met BarAbbas), daardie persoon sal in die **laaste** oordeel kom van Open. 20 nà die tweede opstanding, nl. die Poel van vuur (waarvan die verbranding van Jerusalem 'n tipe was - vergelyk ook Matt. 22:7 en Luk. 21:20).

Die laaste twee verse van die boek van Daniël praat nog ook van 1 290 en 1 335 dae. Dit beteken onderskeidelik 30 dae en 45 dae wat by die 1 260 dae bykom. Dit is nie baie duidelik of dit tydens die verdrukking deur Antiochus vervul is nie en of dit ook deels 'n voorspelling van die verwoesting van Jerusalem is nie, want ons het net Josefus se beskrywing van daardie laaste tyd van vreeslike vervolging en weersinwekkende verwoesting.

Om dan die vraag te beantwoord wat aan die begin van die dokument gevra is, nl. wie of wat is dan die elfde horing, kon ons tot dusver aflei dat ....

- Wat die Seun van die Verderf betref dit eintlik **Satan** is wat JaHUaH se teenstander is, maar hy manifesteer in en deur verskillende **menslike instrumente**.

- Tussen die 2 Testamente was dit Antiochus Epiphanes wat in JaHUaH se tempel "gaan sit het" as "God" wat 'n "**gruwel**" was en ook het hy JaHUaH se volk vervolg vir tyd, tye en 'n halwe tyd.

- Die eerste christene van die Nuwe Testament is toe **eerstens** deur die Jode vervolg, wat hulle ook toe verkla het aan die Romeine.

- In 70 n.C. was "**die gruwel**" van Matt. 24:15 die heidense Romeine met hulle keisers wat as gode aanbid moes word, wat Jerusalem omsingel het vir plus minus drie en 'n half jaar. So het hierdie onheilige Romeine Jerusalem en die Tempel vertrap (en was dit ook die toegelate en geprofeteerde einde van 'n fisiese Koninkryk van Israel met 'n Levitiese priesterdom).

- As die Elfde horing vir ons era kan die Antichris of dan die Seun van die Verderf van 2 Thess. 2, dus beide 'n **Staat met sy mense** asook diè staat se **politieke en/of geestelike leier** op 'n gegewe tydstip wees. Vir Paulus se tyd was daar die Jode gewees wat JaHUsha nie as Messias aanvaar het nie en Sy volgelinge vervolg en doodgemaak het.

- Die Judaïstiese opstelling wat in eertydse Israel was met JaHUsha se **eerste koms** word in ons tyd herhaal en wel as 'n **gruwel** in die **geestelike tempel**, hier vlak voor Sy **Wederkoms** (daar is niks nuuts onder die son nie) en so kwalifiseer die Babiloniese Staat van Israel en sy meelopers, na regte vir die titel van "Antichris" in ons era, gegewe 1 Joh. 2:22.

Soos wat die toekoms ontplooi sal dinge al hoe meer duidelik word, as ons "ore het om te hoor en oë om te sien" soos wat JaHUsha ook gesê het.

Dit is alles nou 'n hele mondvol om te verteer en baie kruisverwysings is in hierdie dokument gegee wat maar nodig is om te hersien sodat mens 'n volledige prentjie kan verkry. Dit is alles soos die stukkies van 'n groot legkaart. Vir persoonlike toepassing, lees: *DIE SEUN VAN DIE VERDERF IN ONS GELOOF* en ook *DIE SEUNS VAN BELIAL*.

Geskiedkundige agtergrond oor die verwoesting van Jerusalem en die Tempel word veskaf in die volgende 2 videos ...

- THE DESTRUCTION OF JERUSALEM
- THE SIEGE OF JERUSALEM

Dan is daar twee baie, baie ou boekies wat ook Josefus se weergawe aangaande 70 n.C. skriftelik deel en die laasgenoemde boekie is alreeds in 1805 neergeskryf met profetiese toepassings uit die evangelies wat dus sonder die kontaminasie is van moderne teologie ...

- THE HISTORY OF THE SIEGE AND DESTRUCTION OF JERUSALEM
- THE DESTRUCTION OF JERUSALEM

Laat ons waak om JaHUsha en Sy Torah (ons Nuwe Testament) nie in enige opsig te verloën nie, want dit is die "antichristelike" doel en opstelling van die Seun van die Verderf hier waar ons op die drumpel staan om ons Geestelike Beloofde Land te betree.

0-0-0-0-0

Saamgestel deur: AndriYaH
Julie 2022

Bronne: "Om die Skrif te verstaan" en "Skriflyne" deur D.F. du Toit